**SARS VERWELKOM FINANSIESLEIERSKAP**

**3 Julie 2024** - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), mnr. Edward Kieswetter, verwelkom hartlik die heraanstelling van mnr. Enoch Godongwana as die minister van finansies en dr. David Masondo as die adjunk-minister van finansies.

Die kommissaris het ook gelukwense uitgereik aan die nuut-aangestelde ministers en adjunk-ministers, en het optimisme uitgedruk teenoor hierdie definierende oomblik in die geskiedenis van ons demokrasie.

Kommissaris Kieswetter het sy vertroue uitgespreek dat, onder die toesighouerskap van minister Godongwana, die land sal volhard op die pad van volhoubare finansiële konsolidasie wat die Suid-Afrikaanse ekonomie op 'n groei-trajek sal plaas. Die rol van die twee adjunk-ministers, in noue samewerking met die minister, is om die land se finansiële groei te skuif van staties tot aktief om sodoende die land se sosio-ekonomiese uitdagings aan te spreek, veral die hoë vlakke van werkloosheid. Finansiële stabiliteit sal nodig wees om groei te vermag. Ooreenkomstig die doelwit van finansiële stabiliteit is die onderhoud van die land se finansiële soewereiniteit deur alle inkomste in te vorder wat aan die regering verskuldig is. SARS bly toegewyd om hierdie transformerende werk te ondersteun.

As 'n land vier ons 30 jaar sedert die land se historiese demokratiese verkiesing in April 1994. Die inwerkingtreding van die Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (wet nr. 34 van 1997), wat SARS tot stand gebring het, word geag as een van die ontwikkelinge wat die fondasie gelê het vir die trajek van Suid-Afrika se wyse en volhoubare fiskale beleid, siende dat dit die ongeëwenaarde verbetering in invordering van belastinginkomste teweeg gebring het.

Oor die afgelope 30 jaar het belastinginvordering gestyg van R113.8 miljard in 1994/95 tot R1 740.9 miljard in 2023/24, teen 'n saamgestelde jaarlikse groeikoers van 9.9% en 'n gemiddelde belasting-tot-BBP-verhouding van 22.2%. SARS het sedert 1997 meer as R21.2 triljoen vir die land se maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling ingevorder. SARS is op koers om hulle inkomste-prestering selfs meer te verbeter in lyn met hulle strategiese agenda soos bevestig deur die besturende komitee se strategiese hersieningsessie wat in Mei 2024 gehou is, en ook by die nasionale bestuursforum wat in Junie 2024 gehou is, om die strategiese oogmerk van vrywillige nakoming in die volgende vyf jaar na te streef.

SARS volhard in die strewe jeens 'n hoër doelwit en om die volgende fase van hulle reis te onderneem jeens die herbou van die organisasie. Dit is 'n reis jeens 'n hervoorgestelde SARS wat slim en modern is met onbetwisbare integriteit, vertroud en bewonderd.  Die reis word onderstut deur die onderneming om inkomste te verhoog deur die sintese van data-gedrewe insigte, kunsmatige intelligensie en tegnologiese infrastruktuur. Dit sal help om helderheid en sekerheid te verskaf en dit maklik en

kommervry maak vir belastingpligtiges om met SARS sake te doen, asook om bedrog na te speur en te ontmoedig. Dit sal ook dienste aan belastingpligtiges verbeter in lyn met SARS se slagspreuk van "die beste diens is geen diens".

Dit sal behaal word deur SARS se doeltreffende en voordelige vennootskappe met alle belanghebbendes in die belasting-ekosisteem wat maksimumvoordele vir belastingpligtiges en handelaars, die regering en die publiek lewer. SARS sal steun op die sterkpunte van ander om uitdagings in belastingadministrasie op te los en vrywillige belastingnakoming te verbeter.

Die organisasie sien uit na 'n hartlike werksverhouding met die finansiesspan onder die geïnspireerde leiding van die minister om hulle mandaat uit te voer.

Vir meer inligting, stuur 'n e-pos aan SARSMedia@sars.gov.za.

EINDE